# HOOFSTUK III.

## *DIE RESULTAAT VAN SPRAAKKLANK-VORMING.*

### 1. Fisiese Aantekeninge.

Die asemstroom van die longe laat die stemlippe tril. Hierdie stemlippe laat nie alleenlik trillings wat van hulle hele lengte afhang, ontstaan nie, maar ook trillings wat heelgetal breuke van eersgenoemde is. Die aansetstuk wat uit resonansruimtes bestaan, soek vir elke spraakklank bepaalde tone uit hierdie gekompliseerde trillings uit en versterk dit, 'n elk natuurlik met 'n eie versterkingsgraad. Die resultaat is nou 'n grondtoon-trilling van die stemlippe met verskillende versterkte deeltone daarop „afgedruk", 'n trilling dus nie met 'n eenvoudige „sinus"-patroon nie, maar met 'n ingewikkelde lugdruk-vermeerdering of verminderingspatroon van verskillende snelhede wat oor die grondtoon-trilling beweeg. Spraakklanke bestaan alleen as hulle gehoor word. Hierdie ingewikkelde lug-verdunnings- of verdikkingsgolwinge bereik deur die trommelvlies en die middeloor-meganisme die gevoelige senuwee-uiteindes in die slakkehuis van die oor, waar die verskillend gestemde vesels van die basilaar-membraan die gekompliseerde trillings weer analiseer en die boodskappe met die gehoorsenuwees na die gehoorsgedeelte van die harsings stuur. Daar moet ons die tone eers hoor en dan verstaan.

In hoofsaak is hier net die klanke wat afhang van stem bespreek. Wat die geruise betref wat deur dwarrelstrominge en skuringe veroorsaak word, is die beginsel dieselfde. Lugverdunnings en verdikkings ontstaan, maar hulle is nie reëlmatig saamgestel nie en gewoonlik is die frekwens van die golwinge baie hoog (by s tussen 4,000 en 7.000 per sekonde). By die stemhebbende geruisklanke is dit natuurlik 'n samestelling van reëlmatige en onreëlmatige lugdruk-golwinge wat die gehoor bereik. Weens die ingewikkeldheid van die probleem kan ons in hierdie bestek nie verder daarop ingaan nie. Van belang is alleen, dat volgens die fisiese wette dit nie saak maak hoe die

organe in verhouding tot mekaar staan nie, solank ons maar net die regte frekwense, versterkings en samestelling van tone of deeltone kry. By die sang is dit nogal belangrik om te weet dat jy 'n bepaalde vokaal kan sing met verskillend ingestelde spraak-organe.

Die gehoor ondervind dus die kleur of kwaliteit van die spraakklank deur die lugdruk-golfpatroon met die gehoororgaan te ontleed. [1]

**2. Sonoriteit.**

Daar is egter drie oorwegings wat ons nog moet behandel wat die hoor van spraakklanke betref:

(a) Tone van verskillende frekwens word nie ewe goed deur die gehoor waargeneem nie. Tone rondom 2,000 trillings per sekonde het maar 'n geringe amplitude nodig om die gehoordrumpel te oorskry, terwyl baie lae en baie hoë tone 'n groter amptitude moet hê om gehoor te kan word. Waar die spraakklanke dus uit verskillende trillingskomplekse bestaan, sal hulle „hoorbaarheid" verskil, gesteld dat die amplitude van die trillings dieselfde is.

(b) Waar die resonansruimtes groot is en die openings ook 'n vrye beweging van die trillende lug toelaat, sal die sagte wande van die aansetstuk min kans kry om 'n absorberende invloed op die trillings uit te oefen en sal so 'n klank dus 'n maksimale versterking deur resonans ondergaan. Dus sal spraakklanke met 'n groot mondopening 'n groter resonans of draagkrag hê, dus beter gehoor word as dié met 'n kleiner mondopening. As die opening te groot is, kry die lug nie kans om te tril nie en sal genoegsame resonans ontbreek.

(c) Hierby moet nog genoem word dat stemhebbende spraakklanke, omrede die groter trillingsamplitude van die stemlippe, 'n beter kans het om gehoor te word as die stemlose, waar die trillings in vergelyking baie flouer is.

Hierdie drie oorwegings, afgesien van 'n verandering van die krag van die asemdruk, moet in ag geneem word by die bepaling van die *sonoriteit*, klankvolheid, of die krag waarmee 'n spraakklank die oor aantref. Dit spreek vanself dat hoe sonoorder 'n spraakklank is, hoe verder hy sal dra.

1) Vgl. die spektogramme van Afrikaanse spraakklanke aan die slot van hierdie werk.

Oop spraakklanke sal sonoorder wees as beide vernouings- en afsluitingsklanke; stemhebbende as stemlose klanke. Zwaardemaker het eksperimenteel bewys dat sis-klanke, soos *s* in *soos* en *sj* in *sjef* wat sonoriteit betref, net na die oopklanke kom (weens hulle gunstige trillingsfrekwens?). Omrede dit moeilik is om te bepaal of alle spraakklanke eweveel asemdruk het, en omrede die psigologiese faktore by gehoorseksperimente 'n langdurige ondersoek vereis, kan nog nie met sekerheid die volgorde van spraakklanke volgens hulle sonoriteit opgestel word nie. Die volgende dalende orde is dus net volgens die klasse van spraakklanke opgestel.

Oop en halfoop vokale: m*aa*n, m*a*n; s*ê*, m*ô*re. (Sisklanke?).

Geslote en halfgeslote vokale: m*ie*r, s*oe*n; m*ee*r, t*oo*n.
Wrywinglose kontinuante en trillers: *m*a*n*, *r*i*ng*, *l*a*m*.
Stemhebbende wrywingsklanke: *w*at.
Stemhebbende ploffers: *b*and, *d*aar.
Stemlose wrywingsklanke: *v*at, *g*aan.
Stemlose ploffers: *p*a*d*, *k*ar.

Hoewel dit nie die enigste seggingskap by die ontstaan van 'n gevoel van lettergrepigheid het nie, aangesien krag van asemdruk en duur ook 'n aandeel het, is dit tog hoofsaaklik die sonoorste klanke wat bo die ander uitsteek en 'n sonoriteitstop vorm. Hierdie sonoriteitstoppe (gewoonlik vokale) word dan van mekaar geskei deur minima van sonoriteit (òf konsonante, òf àlgehele onderbreking van die sonoriteit).

In *kant* byvoorbeeld is *a* die sonoorste klank dan *n* en daarna *t* en *k*. Eijkman wys daarop dat die sonoorste klanke die digste aan die vokaal te staan kom: dus *nt* en nie *tn* na die vokaal, en *kn* of *pl* en nie *nk* en *lp* voor die vokaal nie. In *aia* word die twee sonore a-klanke deur 'n minder sonore i (wat dan 'n halfvokaal j, of 'n wrywingsklank j kan word), geskeie — dus net twee sonoriteitstoppe. In *gebeur* word die twee vokale deur 'n minder sonore *b* geskeie. In woorde soos *seeëend* en *naäap*, waar twee enerse vokale langs mekaar staan, word die skeiding nie deur 'n vermindering van asemdruk gemaak nie (soos in Engels) maar deur 'n algehele staking van die sonoriteit:

die stemspleet word gesluit en die tweede vokaal het 'n harde begin of aanset.

By alle diftonge of tweeklanke het die eerste vokaal meer asemdruk of meer prominensie as die tweede en dus is een prominensie-top moontlik in 'n woord soos *groei* waar die twee geslote vokale feitlik eweveel sonoriteit het.

In 'n woord soos *fluksste* is daar net twee prominensie-toppe *u* en *e*, en by al die s-verbindings in Afrikaans hou Zwaardemaker se bevindings insake die hoë sonoriteit nie steek nie.

Gesteld dat woorde soos *arm, kalm* en *fakkel* sonder die ə tussen *rm, lm* en *kkel* uitgespreek word, dan, deur op *m* en *l* te verwyl, of dit effens meer asemdruk te gee, is dit moontlik om twee prominensie-toppe te verkry, maar ewegoed kan 'n mens dit uitspreek met net een top. Vokale hoef nie noodwendig die sonoriteitstop te vorm nie: in *pst* kan dit die s-klank wees en in *tafəl* sonder die ə kan dit die l wees. Let egter daarop dat sonoriteitstop nie sinoniem met prominensietop is nie, daar laasgenoemde van duur, klem, toonhoogte en sonoriteit afhanklik is.

### 3. Toon, Toonhoogte, Intonasie.

Die gehoor ondervind by hierdie klankkleur ook nog die hoeveelheid trillings per gegewe tydseenheid maar hoor dit nie as afsonderlike trillings nie, dog vir alle menslike spraak altans, word die snelle opeenvolging van die bewegings ondervind as toon. Die opeenvolging van tone van verskillende frekwens of hoogte bepaal die melodie of die *intonasie* van wat gepraat is.

Daar is tale waar die *intonasie* van die woord 'n groot rol speel by die betekenisbepaling van die woord en skyn die toonhoogtes heeltemal los van die gevoel te staan (vgl. Efik, Zoeloe, Sjinees e.d.m.) Ander tale weer het 'n karakteriserende intonasie-patroon vir die betekenisgroep, 'n patroon wat ook grotendeels van die gevoel onafhanklik is (vgl. Frans). Dan is daar tale soos Afrikaans, Nederlands, Engels e.d.m., waar daar wel definitiewe intonasie-patrone waar te neem is, maar waar ons in hierdie patrone nog die gevoelswerking kan sien. Feitlik dwars deur die tale van die wêreld is 'n hoë toon altyd

verbonde aan iets wat klein is, of ver is; daarby stel 'n lae toon iets groots of naby voor. Opwinding veroorsaak spanning van liggaamspiere en gevolglik 'n verhoging van toon; moedeloosheid gaan gepaard met verslapping en 'n gevolglike verlaging van toon. Vir finaliteit sal die intonasie dalend wees, vir onsekerheid swewend of stygend.

Aan die hand van hierdie paar uiters beknopte aanmerkings sal gesien word dat die intonasie feitlik (saam met die klem), die uitdrukkingsmiddel van die gevoel is, en dus 'n uiters belangrike faktor by die spreektaal en die voordrag. Elke taal het natuurlik sy eie intonasie-patrone of patroon-variasies en die nie-Afrikaner sal gewoonlik, hoewel sy woordeskat, woordgebruik, en uitspraak foutloos mag wees, deur sy intonasie verraai word.

#### 4. Afrikaanse Intonasie.

Afrikaans het hoofsaaklik twee intonasie-wysies:

(a) een met 'n dalende intonasie en

(b) een met 'n styging van die toonhoogte aan die end van die groep.

Die vorm van die patroon van elk is nou verbonde aan die sinsklem, want hoe meer krag, hoe meer spanning en hoe hoër die toon.

Elke spreker het 'n hoogste en 'n laagste grens vir sy stem, maar hy gebruik nie sy hele stemomvang by die gewone spraak nie. Wanneer die gevoel 'n groot rol in iemand se spraak speel, dan skuiwe die toonstreek wat by die gewone gevoelsarme spraak gebruik word sy grense wyer uit, hoër of laer. Omrede die belangrikheid van die gegewens en aangesien sy bevindinge nie gepubliseer is nie, gee ek u 'n kort opsomming van die uitkomste waartoe die heer T. le Roux, M.A., in 'n ondersoek na die Afrikaanse Intonasie geraak het. [1]

(a) Die lae toon aan die end van die betekenisgroep gee aan die geuite idee die gevoelswaarde van beslistheid, sekerte, voltooidheid, terwyl 'n stygende toon, of 'n swewende middel of hoë toon onsekerheid, onvoltooidheid, twyfel, afwagting, flikflooiende vriendelikheid uitdruk.

---

1) Ongepubliseerde M.A.-proefskrif by Randse Universiteit ingehandig.

(b) Wysie (a) met die dalende intonasie word gebruik vir:

(i) Bewerings, wat 'n feit uitdruk of wat konstateer dat die spreker dit as 'n feit beskou: byv. *Die leeu is 'n sterk dier. Hy sal nog met die been kan loop.* Le Roux het gevind dat die uitdrukking van wat die spreker self glo enger grense, dus minder speling het as die algemene bewerings, omdat die spreker sy eie mening meer beslistheid wil gee om dit op die hoorder af te dwing.

(ii) Leemte-vrae, dit is vrae wat bedoel is om informasie te verkry; hulle het dieselfde intonasie as die bewerende sinne wat 'n feit uitdruk, met 'n bietjie meer speling, miskien omrede 'n vraag met meer gevoel gepaard gaan: byv. *Waar woon die kaptein? Wie het my geroep?*

(iii) Bevele — gebiedende betekenisgroepe. Hierdie groepe word met 'n lae intonasie uitgespreek en die grense van die stem lê nader aanmekaar. Die feit dat 'n bevel groot beslistheid uitdruk en dat die beveler altyd naby die bevelende is, is oorsaak van die algemeen lae intonasie. Die feit dat die grense van die intonasie taamlik eng is, is miskien te verklare dat die aandag van die bevelende op die bevel moet gelenk word, wat nie sal gebeur by 'n melodie wat groot wisselinge toon nie: byv. *Loop haal die perde. Sit stil.*

Die ironiese bevel het 'n groter wisseling van toonhoogte as ander bevele: byv. *„Gaan maar aan." „Lag maar."*

(iv) Uitroepe. Die intonasie is soos vir die gewone beweging, met veel meer speling en veral die grense van die toonhoogtes hoër opgeskuiwe. Die gevoelspeling is hier natuurlik baie aktiewer: byv. *Kom kyk wie is hier. Hoe pragtig gaan die son onder.* Hierdie intonasie word ook vir die bewerende sinne in vraagvorm gebruik: *Sal dit nie lekker wees nie? (Dit sal lekker wees). Wat raas jy so? (Jy raas baie).*

*Verhouding tot die Sinsklem*:

(i) As die hoofklem aan die begin van die klankgroep

staan, dan daal die tone van die stemhebbende klanke reëlmatig tot die laaste een toe, wat dan die laagste toon het, byv: *Wie het my geroep*?

(ii) As die spraakklanke met hoofklem in die middel van die klankgroep is, dan styg die toon van die vooraf-gaande stemhebbende klanke tot by die een met hoof-klem. Die toon van die ander spraakklanke met byklem wat nà die een met hoofklem volg, daal dan geleidelik na die end toe, byv: *Ek het tièn skape in die land gekry.*

(iii) As die hoofklem aan die end van die betekenisgroep kom, sal die tone van die voorafgaande stemhebbende spraakklanke styg na die hoogste toon toe. Die toon van die spraakklanke met hoofklem sal dan hoog begin, maar skielik daal totdat dit die laagste toon van die hele groep het, byv: *Die stout kind het gekrap en geskop en geskrèe.*

(c) Wysie (b) met die stygende intonasie aan die end waarvan die end-toon altyd hoër as die begin is, word gebruik vir:

(i) Bewerende sinne wat meer uitdruk as wat die woorde self beteken, soos troos-bewerings e.d.m. Dis eintlik onvoltooide betekenisgroepe, wanneer die spreker nie iets wil of durf sê nie en hy derhalwe die hoorder daarheen voer, deur die res aan sy verbeelding oor te laat, byv: *Ek het hom gewaarsku* . . . . (maar hy wou nie hoor nie). *Wat maak dit saak*? . . . . (as niemand omgee nie).

(ii) Ja-Nee vrae, waarby die antwoord òf ja òf nee kan wees, is g'n beslissende betekenisgroep nie en moet derhalwe 'n stygende intonasie hê: byv. *Kom jy vanaand huistoe*? *Was al die mense toe daar gewees*? Selfs 'n leemtevraag, as dit herhaal word, omdat die antwoord nie gehoor is nie of al vergeet is, (dus waar daar weer twyfel omtrent die gegewens bestaan), kry hierdie intonasie. Byv: Waar woon jy? ('n herhaling van die vraag, om seker te maak). Die gevoelswaarde by hierdie onsekerheidsvrae is groter as by die onvoltooide bewerings.

(iii) Versoeke of vriendelike bevele, waar onsekerheid

bestaan of die versoek sal uitgevoer word of nie. By hierdie vriendelike bevele en versoeke het die toonhoogtes die grootste speling van al die betekenisgroepe wat op hierdie wysie geuiter word: vgl. die vrae: *„Wanneer gaan jy dorptoe?"*, die leemtevraag en die beleefde versoeksvraag, met mekaar.

Feitlik al verskil tussen die versoek en die bevel is die intonasie: (vgl. *„Kom saam met my"* as versoek en dan as bevel). Vir die versoek is die eindtoon ook heelwat hoër as die begin.

Ironiese bevele wat 'n strekking duidelik weergee, word ook op diè wysie gesê, met hierdie verskil dat die ironiese bevele in alle opsigte laer as die vriendelike bevele is:

Byv. *Gaan maar aan met die geraas.* (Daar kan iets gebeur).

*Verhouding tot Sinsklem.*

(a) As die hoofklem aan die end van die klankgroep staan, wys die toon van die beklemde spraakklanke geen daling nie, maar 'n geleidelike styging: byv. *Het jy die bees geskùt?*

(b) As die hoofklem by die begin van die klankgroep staan, daal die toon van die bybeklemde spraakklanke tot by die laaste bybeklemde toe wat dan die laagste is. Alle swakbeklemde klanke wat daarop volg, kry dan die stygende toon (of 'n hoë toon): vgl. *Gaan Jàn die pos haal?* As die laaste beklemde spraakklank ook die laaste spraakklank van die groep is, begin die toon van die spraakklank laag maar styg vinnig: byv. *Het jy die bees geskùt?* (styging op vokaal van skut).

(c) As die hoofklem in die middel van die klankgroep kom, styg die toon van die voorafgaande bybeklemde spraakklanke na die hoogste toon. Die toon van die beklemde spraakklanke wat daarop volg, daal dan na die laaste bybeklemde toe, waarby of waarna die styging dan plaasvind: vgl. *Het ek nie vir jou gesê hy sal dit doén nie?*

(d) *Langer Groepe*: As die groep nie te lank is vir een uitaseming nie, kan 'n lang groep soos bogemelde kortes uitgespreek word, behalwe dat die intervalle tussen die beklemde klanke kleiner word. As die groep egter te

lank word vir een uitaseming dan word die klankgroep in twee of meer betekenisgroepe verdeel. Die betekenisgroep waarop nog iets moet volg of onvoltooidheid uitdruk, sal dan wysie B (soos hieronder verduidelik) volg en die ander wat die end van die groep, idee of begrip aandui, sal natuurlik die wysie volg wat ooreenkom met die betekenis wat daardeur moet oorgedra word. Waar dit die beslissende gedeelte van die geuite idee is, sal dit wysie A gebruik.

Groepe met onder- of newensgeskikte idees, wys nie 'n algehele styging of daling aan die end van die eerste betekenisgroep nie: die toonhoogte bly swewend. As die pouse tussen die twee groepe egter langer is, d.i. as die spreker eers die een betekenisgroep uit as 'n geheel, en dan skielik 'n ander groep byvoeg as bysin of bygedagte dan kry albei, wanneer hulle wysie A volg, 'n dalende intonasie. Dit is ook eksperimenteel bewys dat die finale of beslissende groep in alle opsigte laer is as die eerste of afhanklike groep, mits natuurlik die twee of meer groepe as 'n eenheid uitgespreek word: vgl. *Daar is vandag net sulke seuns soos Absalom, wat omrede hulle jaloers op hulle vaders se posisies is, hulle probeer ondermyn.* (Lees dit met 'n kort en met 'n lang pouse na, Absalom).

Dit gebeur dat 'n parentetiese gedagte tussen 'n ander idee ingeskuiwe word. Hierdie parentetiese gedagte volg natuurlik wysies A en B elk volgens sy aard en moet as aparte gedagtes binne 'n gedagte beskou word, 'n aparte sin binne 'n ander sin. Die begin van die parentetiese groep is taamlik hoog, omrede die begin daarvan net op die middelhoë slot van die afhanklike betekenisgroep volg: verder bly hulle taamlik laag en word meer eentonig uitgespreek as die voorafgaande en die volgende groepe: vgl. *Ou Sampie — die jong wat al jare by ons bly — het nou die dag skielik trekpas gevra.*

*Groepe met Spesiale Nadruk.*

Ons het voorheen reeds daarop gewys dat daar 'n noue verband tussen sinsklem en intonasie is. Sinne met spesiale nadruk val ook hieronder.

Die wysies waarop hierdie sinne uitgespreek word, bly nog, wat die patroon betref, dieselfde. So 'n klankkombinasie word gewoonlik met meer klem en hoër toon uitgespreek wanneer dit spesiale nadruk kry, maar die

speling tussen die hoogste en laagste grense is ook baie groter as by gewone uitdrukkings, byv. *Ek het diè mes bedoel en jy dwing al om my dààrdie een te gee.*

**5. Wat om te vermy as geïntoneer word.**

Ons het hier die algemene bevindings van 'n ondersoek na die Afrikaanse intonasie gegee, om te wys op die noue verband tussen die betekenisskakerings wat die gevoel meebring en die toonhoogte en klem. Vir die voordraer is dit dus van die allergrootste belang om 'n natuurlike intonasie wat eg Afrikaans is en deur die gevoel gedra word te gebruik, in plaas van:

(i) Die sangdeuntjie wat so kort voor die slot van elke versreël styg om dan te daal, elke reël dieselfde, elke versie die presiese weergawe van die vorige;


(ii) Die stem by die lees of voordrag te laat styg by elke komma of vraagteken en te laat daal by elke punt. Intonasie word nie deur leestekens bepaal nie;

(iii) Die meganies-aangeleerde intonasie van die afrigter te hoor i.p.v. die voordraer se gevoel in die intonasie te laat uitkom. Hoe dikwels gebeur dit nie dat die kinders van een „juffrou" almal met enerste deuntjies piep nie, of 'n beoordelaar die tjap van een afrigter aan verskillende voordraers, net aan die intonasie kan herken;


(iv) 'n Eentonige gedeun, veral by die lees te hoor i.p.v. 'n lewendige mondelinge weergawe wat gekenmerk word deur afwisseling en gevoelsbepaalde wendinge;

(v) 'n Onnatuurlike styging van die hele sleutel van die spraakuiting met 'n gevolglike min kans vir beweeglikheid van die intonasie.


# Intonasie-kurwes [1)]





(1) *Die bok loop hard.* 'n Eenvoudige bewering met die sinsklem op „bok". Dit is 'n stygend-dalende intonasie.





(2) *Dit is mìj boek.* Soos vorige met spesiale nadruk op „my". Let op 'n groter speling van intonasie.





(3) *Wie kom vandag?* Vraag wat 'n bepaalde antwoord verwag. Styging op „wie" wat die sinsklem dra en dan 'n daling na die end toe.




(4) *Jan, staan stil.* Bevel. By „Jan" is daar 'n styging om die aangesprokene se aandag te bepaal by wat nog moet volg. „Staan" is laag en met beveltoon uitgespreek, maar „stil" begin effens hoër omdat dit kragsaksent dra.




(5) *Is dit hìj?* Uitroep in vraagvorm. Let op die stygend-dalende op „hy" wat spesiale klem dra. Meer speling van toonhoogtegrense.




(6) *Is dit hìj?* Vraag waarby die antwoord baie onseker is, derhalwe die hoë styging aan die slot.

## *Intonasie-kurwes* [1]




(7) *Toe sê vir my.* 'n Vriendelike versoek met spesiale klem op „sê", styging aan die end en 'n verskuiwing na 'n hoëre toontoets.

1) Hierdie kurwes is met die Meyer-Schneiderse Intonasie-bepalingsapparaat geteken, na kimografiese opnames.

## 6. Klem.

Die gehoor kan ook die lugdruk-golwinge sterker of swakker ondervind, namate die amplitude van die trilling groter of kleiner is. Dit hang natuurlik saam met die krag van die asemstoot, die spanning van die stemlippe e.d.m. 'n Groter intensiteit van die klanke hang ook saam met die toonhoogte, aangesien, volgens natuurkundige berekening, die intensiteit verkry word deur die kwadraat van die frekwens te vermenigvuldig met die kwadraat van die amplitude.

Vir die oor, egter, moet hierdie intensiteit met 26% vermeerder om waargeneem te word as 'n verandering van luidheid van die klank..

Hierdie vermeerdering van intensiteit het ten gevolge dat so 'n spraakklank prominenter uitstaan bo die ander spraakklanke. Ons noem so 'n spraakklank wat met meer intensiteit as die omgewendes uitgespreek word 'n *beklemde* spraakklank. Ons onderskei tussen *woordklem* en *sinsklem* of liewer *betekenisgroep-klem.*

Die *woordklem* kan in Afrikaans (i) òf betekenisaanduidend wees: *ròman* en *romàn; lòsies* en *losiès; vòòrsê* en *voors'ê; òòrweeg* en *oorwèèg,* e.d.m., òf (ii) *karakteriserend.* Met karakteriserend, bedoel ons, dat die klemgebruik taamlik vas is in die woord en altyd so deur die sprekers van die taal uitgespreek word. Eienaardig is dat in Afrikaans by baie saamgestelde woorde 'n klemverskuiwing plaasgevind het: *ròòipoeier* naas *rooipòèier; Stèllenbos* naas *Stellenbòs; wìtseerkeel* naas *witseerkèèl,* e.d.m., waar die klem op die laaste deel van die samestelling 'n ouer vorm verteenwoordig. Baie van die ou vorms het nie die wisseling deurgemaak nie: *wildebèès, rooimiènie, wildeàls, soetamàling,* e.d.m.

In Afrikaans het ons nie die eienaardigheid dat die klem op meer as een gedeelte van 'n woord kan val soos in Engels nie, maar daar skyn g'n algemeen vaste reëls te wees wat die klem in 'n woord beheers nie: vgl. *vàder, rebèl, pikkewìjn, bùitekant, buitendièn, ìnneem, innemènd, hàrtstog, hartstògtelik.* Gewoonlik is die klem darem op die stamvokaal.

Vandag skyn die klem in saamgestelde woorde op die

eerste deel van die samestelling te val: *Kìndertuin, òòpsit, rèddingsboei, sèmelwater, tàfelmes,* e.d.m.

By 'n hele boel woorde van nuwer ontlening is die Nederlandse klemgebruik gevolg: *Manuskrìp, telegràm, sonoriteìt, soölòòg, fraseologiè, burò,* e.d.m. In woorde soos *telegram, telefoon, manuskrip,* e.d.m. woed die stryd teen Engelse invloed maar fel.

As die woord uitgespreek word, is daar nie net beklemde en onbeklemde spraakklanke nie, maar is daar 'n gedurige wisseling van die klem. Ons onderskei net tussen hoofklem, byklem en onbeklemd om nie te veel graderings te moet maak nie. So byv. sal in *ondeurgrondelik* die klemverdeling aldus wees: *óndeurgròndelik,* waar die eerste *o* byklem het en die tweede *o hoofklem; eu, e* en *i* is swakbeklem (*eu* meer as beide *e* en *i*).

Eijkman verdeel die beginsels waarvolgens die klem in 'n woord gereël word, as volg:

(a) tradisie (wat bo „karakteriserend" genoem is);
(b) psigologiese verhoudings:
  (i) Spreker gee die meeste klem aan die klanke waaraan hy die meeste waarde heg. Dit sluit in:
    (a) Nu-heidsklem, om 'n nuwe begrip aan te dui: vgl. *hy het 'n dùùr motor gekoop* met *hy het 'n duur mòtor gekoop, splìnternùwe kar* met *splìnternuwe kar.*
    (b) Teenstellingsklem: dit is die rede, volgens Eijkman, waarom die klem in baie Nederlandse (en Afrikaanse) saamgestelde woorde op die eerste deel van die samestelling val: *blòmkool* (nie *knolkool* nie); *vòòrdeur* (nie *agterdeur* nie). Ook in sinsklem: *ek het Ján geroep* (nie Piet nie, e.d.m.)
  (ii) Eenheidsaksent om saam te vat, wat saam hoort. Dis daarom wat ons party samestellings *soos máánhaarjakkals-velkombers* kry wat so lank is. Hier kan die klem òf op die eerste deel val, *òndank, ìnplant,* òf op die tweede: *ouderwèts, omrìng.* Ook in die sinsklem is die eenheidsbeginsel waar te neem, vgl.: *Oom*

*Hans van Tónder; dis 'n tàamlike sterk stroom wàter* en *dis 'n taamlike stèrk stroom wàter.*

(c) Fisies-fisiologiese verhoudings — die ritmiese beginsel wat dit moeilik maak om 'n reeks sterkbeklemde klanke opmekaar te laat volg. Dit skyn asof Nederlands en Afrikaans net een hoofklem in 'n woord toelaat, vgl.: *kùnsnywerheid, pampoènkoekies.*

Vergelyk ook die ritmiese beginsel in die sinsklem: *te kùs en te kèur, bòòntjie kry sy lòòntjie: dònkerwerk is kònkelwerk,* e.d.m.

Voordraers wat wil seker maak van die korrekte klemgebruik in die woord, word verwys na woordeboeke soos Bosman en Van der Merwe se *Afrikaans-Engelse Woordeboek,* of die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* van Steyn, Kritzinger, e.a.

In die betekenisgroep staan by die gewone spraak net een klank of klankgroep bo die ander uit wat klem betref. Ten nouste hang hierdie sinsklem saam met die intonasie en kan ons hierdie prominensie liewer 'n intensiteitshoogtepunt noem wat deur die gevoel so uitgedruk word om die aandag van die hoorder op die kern van die betekenisgroep te lenk; byv. *Ons gaan vandag na die vóetbal kyk.* Die klem van die ander spraakklanke is egter geensins eenvormig nie, maar daar is 'n gedurige wisseling wat hoofsaaklik deur die gevoel bestuur word.

Hierdie sinsklem is soms moeilik te skei van die spesiale nadruksklem of emfatiese klem. Emfatiese klem wil ook die een woord of sinsdeel met die ander laat kontrasteer: byv. *Dis nie die ròòie nie, maar die brùine; ek hèt so gesê; Pièt lees die koerant.* Hierdie kontraswerking word skerp op die voorgrond gestel deur baie meer intensiteit (krag en/of toonhoogte) aan die klank te verleen.

Party sprekers het die neiging om feitlik alles te beklem — so 'n spraak klink swaar en is vermoeiend vir beide spreker en hoorder. Ander weer (en dis veral by beroepsredenaars soos predikante en politici opgemerk, hulle wat die boodskap met 'n kort-kort-se vuisslag op die knapie wil inhamer) kan, omdat die gewoonte bestaan om na kort tussenposes swaar klem te lê, op die onsinnigste

momente en die geringste woordjies die „emfatiese aksent" laat val. Die suksesvolle spreker weet wanneer om sy grofgeskut af te skiet en trek nie los en vas af nie.

Ons het reeds van die skreestem melding gemaak wat te veel spanning van die spreker en te onaangename gehoorsindrukke by die hoorder verwek.

By die suksesvolle spreker is dit 'n gedurige waardebepaling van die boustene van die betekenisgroepe en fyn nuansering van gevoelsbestuurde krags- en toonhoogteverskille wat lewendigheid en afwisseling aan die spraak gee.

**7. Frasering.**

Addisionele nadruk word ook verkry deur korrekte *frasering.* In elke frase is daar een kern-woord, en die een frase word van die ander deur 'n pouse geskeie. Hierdie pouses varieer in duur of lengte, al na gelang die gevoelswaarde wat daardeur uitgedruk moet word. Word 'n frase verdeel in korter groepies, dan kan meer nadruk aan die afsonderlike dele verleen word. Die frase is dan die kleinste gedagte-eenheid wat ons in die spraak het en die pouse of die tydsduur tussen frases 'n belangrike gevoelsuitdrukkingselement.

Korrekte *frasering* en *pousering* is dus belangrike faktore vir suksesvolle spraak. Let daarop dat tussen frases die pouses korter sal wees as tussen sinne, en dié weer korter as tussen paragrawe; of liewer tussen betekenisgroepe of -eenhede is die pouses korter as tussen begrippe en dié weer korter as die pouses tussen begripseenhede.

**8. Ritme.**

Dit bring ons by 'n ander tydsfunksie, nl. *ritme.* Hieroor is heelwat geskrywe en heelwat teenstrydige menings gelug. Hoewel dit beweer word dat ritme afhanklik is van die krag van die uitspraak en van die toonhoogtes, kom die gevoel vir ritme eintlik tot stand deur die herhaling van iets wat eners is na gereelde tydstippe. Hierdie iets wat herhaal word, is die energiehoogtepunte van die spraak, wat samehang met èn krag, èn duur, èn toonhoogte van spraakklanke. Scripture het gevind dat die tydsafstand tussen die hoogtepunte taamlik

konstant bly vir 'n bepaalde ritme. Natuurlik kan 'n mens ingewikkelde ritme-patrone opbou: die herhaling van energie-golftoppe; die herhaling van 'n groep golftoppe met 'n definitiewe patroon; die herhaling van groepe patrone, e.d.m. Daarby kom nog, veral wat gedigte betref, die herhaling van klanke (alliterasie, assonans, rymklanke), die herhaling van eenderssoortige gedagtes.

Dis die voordraer se plig om die ritme van die skrywer te probeer bepaal, alvorens tot voordrag oorgegaan word. Al te dikwels word *ritme* verwar met *maat* en as dit die geval is, verwater die mooi gedig tot 'n tok-tok-deuntjie. By maat wil ons nie langer stilstaan nie. Ons wil net die voordraer se aandag daarop vestig dat die digter nie aan „versvoete" dink as hy 'n ware digter is nie. Hy skandeer nie sy gedigte nie. By hom stu 'n sekere ritmiese patroon uit die onderbewuste na bowe en daarvolgens modelleer hy sy gedig. Hierdie patroon word deur die inhoud van die gedig bepaal. Dis dan ook bykans onmoontlik om die gevoelsontstane gedig in versvoete in te deel en dit het ook g'n sin nie, net so min as dit sin het om 'n woord in lettergrepe te verdeel. Die eenheid van die gedig is die versreël: van die prosa, die betekenisgroep.

### 9. Die Lettergreep.

Wat is 'n lettergreep? Wie aan die bestaan daarvan glo, verklaar ook versvoete. Psigologies kan 'n mens nog lettergrepigheid of beter die gevoel dat party spraakklanke meer sonoor of meer prominent is as ander, verklaar. Om egter tussen die spraakklanke in 'n woord te gaan verdeel, is gans onmoontlik van beide 'n fisiologiese en van 'n psigologiese standpunt, en dis die enigste standpunte wat die voordraer in aanmerking moet neem. Wat die linguis al probeer doen as hy 'n woord verdeel in voorvoegsels, wortels, en agtervoegsels, gaan die voordraer glad nie aan nie.

### 10. Duur of Kwantiteit.

Daar is nog ander belangrike funksies van die *lengte* of *duur* van klanke wat veral by die voordrag in aanmerking geneem behoort te word.

Eerstens is gevind dat met 'n verandering van stemming die spraakklanke ook 'n relatiewe onderlinge

verandering van duur of lengte ondergaan. Sekere spraakklanke sal dus ten koste van ander hulle relatiewe lengte inboet, wanneer die stemming of bui van die spreker verander.

Tweedens, is party vokale in Afrikaans lank, ander kort. Hierdie lengte het beide 'n karakteriserende en 'n betekenisaanduidende funksie, soos uit die kort behandeling van die vokale gesien kan word. By die voordrag moet duidelike lengte-onderskeide tussen vokale gemaak word. Afrikaans het g'n lang konsonante nie, behalwe in saamgestelde woorde soos *vissop, liggeel, pakkamer, gallamsiekte, karrem,* e.d.m., en dan is die neiging om selfs hier, by veelvuldige gebruik van die woord, die konsonante *ss, gg, kk, ll, rr,* kort uit te spreek.

Derdens is die *spraak-snelheid* ook 'n funksie van tyd. Hoe meer gekultureerd 'n persoon is, hoe vinniger hy geneig is om te praat. Ons ken die kom-ek-daar-nie-vandag-nie-spraak van die geestelik-uitgesaktes. Daar is min mense wat te stadig praat. Oor die algemeen is veral die ongeoefende persoon se spraak te vinnig. Teen 160 woorde per minuut is die spraak van die deurslagpersoon te vinnig. Vir gewone spraak is 135-145 woorde per minuut die aangewese snelheid. Wanneer 'n groot gehoor moet toegespreek word, kan die snelheid daal tot 100 woorde per minuut. Hoewel dit met oefening moontlik is om selfs teen 'n snelheid van 190 woorde per minuut met 'n groot mate van duidelikheid te praat, moet onthou word dat die spreker alleen dàn die ware begrip van sy spraak kan verkry en vertolk en die hoorder die geleentheid het om wat hom gebied word behoorlik te absorbeer as die snelheid nie te hoog is nie. 'n Te vinnige tempo ontneem die spraak sy uitdrukkingsvermoë en maak dit eentonig.

### 11. Aksent.

'n Geaksentueerde spraakklank is een wat deur 'n spesiale aanwending van die spraakklank-elemente: nl. (i) sonoriteit of klankvolheid, (ii) artikulasie-energie, (iii) toonhoogte, (iv) krag van asemdruk, (v) duur, meer prominensie verkry as die omliggende klanke, en derhalwe bo hulle uitsteek. Die doel is om die aandag van die spreker daarop te lenk en kan aksent òf 'n betekenis-

konstant bly vir 'n bepaalde ritme. Natuurlik kan 'n mens ingewikkelde ritme-patrone opbou: die herhaling van energie-golftoppe; die herhaling van 'n groep golftoppe met 'n definitiewe patroon; die herhaling van groepe patrone, e.d.m. Daarby kom nog, veral wat gedigte betref, die herhaling van klanke (alliterasie, assonans, rymklanke), die herhaling van eenderssoortige gedagtes.

Dis die voordraer se plig om die ritme van die skrywer te probeer bepaal, alvorens tot voordrag oorgegaan word. Al te dikwels word *ritme* verwar met *maat* en as dit die geval is, verwater die mooi gedig tot 'n tok-tok-deuntjie. By maat wil ons nie langer stilstaan nie. Ons wil net die voordraer se aandag daarop vestig dat die digter nie aan „versvoete" dink as hy 'n ware digter is nie. Hy skandeer nie sy gedigte nie. By hom stu 'n sekere ritmiese patroon uit die onderbewuste na bowe en daarvolgens modelleer hy sy gedig. Hierdie patroon word deur die inhoud van die gedig bepaal. Dis dan ook bykans onmoontlik om die gevoelsontstane gedig in versvoete in te deel en dit het ook g'n sin nie, net so min as dit sin het om 'n woord in lettergrepe te verdeel. Die eenheid van die gedig is die versreël: van die prosa, die betekenisgroep.

**9. Die Lettergreep.**

Wat is 'n lettergreep? Wie aan die bestaan daarvan glo, verklaar ook versvoete. Psigologies kan 'n mens nog lettergrepigheid of beter die gevoel dat party spraakklanke meer sonoor of meer prominent is as ander, verklaar. Om egter tussen die spraakklanke in 'n woord te gaan verdeel, is gans onmoontlik van beide 'n fisiologiese en van 'n psigologiese standpunt, en dis die enigste standpunte wat die voordraer in aanmerking moet neem. Wat die linguis al probeer doen as hy 'n woord verdeel in voorvoegsels, wortels, en agtervoegsels, gaan die voordraer glad nie aan nie.

**10. Duur of Kwantiteit.**

Daar is nog ander belangrike funksies van die *lengte* of *duur* van klanke wat veral by die voordrag in aanmerking geneem behoort te word.

Eerstens is gevind dat met 'n verandering van stemming die spraakklanke ook 'n relatiewe onderlinge

verandering van duur of lengte ondergaan. Sekere spraakklanke sal dus ten koste van ander hulle relatiewe lengte inboet, wanneer die stemming of bui van die spreker verander.

Tweedens, is party vokale in Afrikaans lank, ander kort. Hierdie lengte het beide 'n karakteriserende en 'n betekenisaanduidende funksie, soos uit die kort behandeling van die vokale gesien kan word. By die voordrag moet duidelike lengte-onderskeide tussen vokale gemaak word. Afrikaans het g'n lang konsonante nie, behalwe in saamgestelde woorde soos *vissop, liggeel, pakkamer, gallamsiekte, karrem,* e.d.m., en dan is die neiging om selfs hier, by veelvuldige gebruik van die woord, die konsonante *ss, gg, kk, ll, rr,* kort uit te spreek.

Derdens is die *spraak-snelheid* ook 'n funksie van tyd. Hoe meer gekultureerd 'n persoon is, hoe vinniger hy geneig is om te praat. Ons ken die kom-ek-daar-nie-vandag-nie-spraak van die geestelik-uitgesaktes. Daar is min mense wat te stadig praat. Oor die algemeen is veral die ongeoefende persoon se spraak te vinnig. Teen 160 woorde per minuut is die spraak van die deurslagpersoon te vinnig. Vir gewone spraak is 135-145 woorde per minuut die aangewese snelheid. Wanneer 'n groot gehoor moet toegespreek word, kan die snelheid daal tot 100 woorde per minuut. Hoewel dit met oefening moontlik is om selfs teen 'n snelheid van 190 woorde per minuut met 'n groot mate van duidelikheid te praat, moet onthou word dat die spreker alleen dàn die ware begrip van sy spraak kan verkry en vertolk en die hoorder die geleentheid het om wat hom gebied word behoorlik te absorbeer as die snelheid nie te hoog is nie. 'n Te vinnige tempo ontneem die spraak sy uitdrukkingsvermoë en maak dit eentonig.

**11. Aksent.**

'n Geaksentueerde spraakklank is een wat deur 'n spesiale aanwending van die spraakklank-elemente: nl. (i) sonoriteit of klankvolheid, (ii) artikulasie-energie, (iii) toonhoogte, (iv) krag van asemdruk, (v) duur, meer prominensie verkry as die omliggende klanke, en derhalwe bo hulle uitsteek. Die doel is om die aandag van die spreker daarop te lenk en kan aksent òf 'n betekenis-

aanduidende òf 'n vir die taal karakteristieke funksie hê.

Waar toonhoogte die vernaamste rol speel, noem ons dit toniese of musikaal-aksent en is dit voldoende onder intonasie behandel.

Dinamiese aksent ontstaan by 'n vermeerdering van die krag van die asemdruk, wat natuurlik ook 'n groter vastigheid van artikulasie meebring deur verhoogde spierspanning. Hierdie verhoogde spierspanning verseker gespanne vokale (en konsonante). Derhalwe vind ons dat nie-geaksentueerde vokale veral die neiging het om ongespanne te word, en derhalwe minder sonoor of klankvol is, vgl: *rosìjntjies* word *rəsìjntjies*, *stoffàsie* word *stəfàsie*, *manèl* word *mənèl*, e.d.m. Omrede verhoogde asemdruk gewoonlik die vernaamste eienskap van die dinamiese aksent is, word dit ook ekspiratoriese aksent genoem, en is dit reeds onder klem behandel, (vgl. bl. (103). 'n Geaksentueerde klank in Afrikaans het dus sinoniem geword vir 'n beklemde klank.

Gewoonlik in Afrikaans, en veral in die sin of betekenisgroep, gaan dinamiese en toniese aksent saam (omrede verhoogde kragsinspanning groter spanning van die stemlippe en derhalwe 'n hoër toon meebring, en omgekeerd) en kan dan intensiteits-aksent genoem word, aangesien intensiteit van beide toonhoogte en amplitude van 'n trilling afhang.

Duur- of kwantiteitsaksent vind ons by semantiese of betekenisdraende funksie van lang en kort spraakklanke en is reeds onder „duur" hoërop behandel.

„Aksent" word ook gebesig vir artikulasiebasis of uitspraakbasis, vgl. „hy praat met vreemde aksent, of tongval." Weens hierdie verskillende betekenisse word, wat Afrikaans betref, aan die benaming „klem" voorkeur gegee bo „aksent."